

I 227 Vol. 328 Pg. 18735-18794.
SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-01-20

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

328

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

HOF HERVAT OP 20 JANUARIE 1988.

LILLIAN MAMOLEKO NYEMBE, v.o.e (Deur tolk)

MR BIZOS : My Lord, there is a problem with accused no. 13. He is in court. He is obviously not feeling well. We thought that the district surgeon may come to see him and it had been in fact arranged, and I would ask Your Lordship to excuse him so that he could go down and the district surgeon could see him there, but apparently the rules have got the better of us, when it was reported that he was out on bail. (10)

COURT : He has to see his own doctor?

MR BIZOS : He has to see his own doctor. So, could he be excused from attending, at least for the morning session. We will try and make some arrangements for him to see a doctor.

COURT : He is excused for the duration of the day.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U sê dat op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 was besluit dat die verhoogde huur sal nie betaal word nie? -- Dit was so besluit, ja.

En jy sê van die mense op hierdie vergadering was daar (20) niemand wat geïnteresseerd was om vas te stel wat sal gebeur as almal nie gehoor gee aan daardie besluit wat daar geneem is nie? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Ek sal hom herhaal. Het niemand op daardie vergadering belang gestel en probeer vasstel wat sou gebeur as enigiemand nie aan hierdie besluit van die vergadering gehoor gee en wel gaan en huur betaal nie? -- Die persone wat u na verwys wat nie gehoor gee nie, is dit nou die raadslede of praat u van die inwoners wat nie die besluit nakom nie?

HOF : Is die vraag nie wat sal gebeur as almal gehoor gee (30) aan/...

aan die besluit nie?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Die vraag is, as almal die besluit nakom en nie die verhoogde huur betaal nie, het niemand gevra wat sal dan gebeur nie? -- Ons het nie van die huur as geheel gepraat nie. Ons het gepraat van die verhoging op die bestaande huur wat betaal word en eintlik wat ons daar bespreek het aangaande dit, was dat ons na die raadslede toe sal gaan die dag met die optog om van hulle te gaan hoor wat hulle nou besluit oor hierdie verhoging. (10)

Nee, maar was die besluit nie dat die verhoging nie betaal word nie? -- Dit was die besluit gewees dat die verhoging nie betaal word nie, maar ons moet nogtans na die raadslede toe gaan en dit met hulle gaan bespreek.

Maar as u nie die verhoging betaal nie, die praktyk was om mense uit hulle huise te sit as hulle hulle huur nie betaal nie? -- Ja, dit was die praktyk gewees dat 'n persoon uit die huis gesit word as die persoon nie huur betaal nie.

Het niemand by die vergadering gevra "Maar as ons nou nie die verhoogde huur betaal nie en ons raak agterstallig, (20) dan gaan hulle ons mos uitsit" nie? -- Ek het niemand gehoor dit noem by hierdie vergadering nie.

Is u tans op datum met u huur? -- Nee, ek is nie op datum nie. Ek skuld.

Het u betaal sedert September 1984? -- Nee, ek het nog nooit betaal tot vandag toe nie.

Nie die verhoging nie of glad nie huur nie? -- Beide nie betaal nie. Dit is die huur en die verhoging het ek nie betaal nie.

Wat is u rede? -- My rede is dat die dag toe ons uiteen (30)

gejaag/...

gejaag was met die optog, terwyl ons na hulle toe gegaan het, na dit het ons besluit dat aangesien ons op pad was na hulle toe om hulle te gaan aanspreek oor hierdie aangeleentheid en ons is nou uiteen gejaag, nou sal hulle na ons toe moet kom. Tot tyd en wyl hulle ons kom spreek het, gaan ons nie betaal nie.

Hoe kan hulle na u toe kom? Hulle lewens was dan in gevaar geplaas vir maande? -- Hoe het hulle geweet dat hulle lewens in gevaar was, want hulle het ons nou voorgekeer op pad na hulle toe. Ons het dus die indruk gekry dat dit (10) gedoen word omdat hulle na ons toe sal kom.

Ek dink u ontwyk die vraag. Hoe kon hulle na 3 September na u toe kom? Hulle lewens was in gevaar vir maande? -- Al het hulle nie onmiddellik na die datum na ons toe gekom nie, neem ek aan dat dit nie vir hulle nodig was om nog so lank te gewag het nie. Op 'n stadium op een of ander manier moes hulle na ons toe gekom het.

Wanneer is die besluit geneem om nie huur te betaal nie? -- Dit is na ons uiteen gejaag was met die optog wat op pad was na Houtkop toe. (20)

Hoe lank daarna? -- Na twee of drie dae het ons hierdie besluit geneem.

Waar is die besluit geneem? -- Daar in die woonbuurt het mense onder mekaar gepraat en gesê "Ons gaan vir hulle wag tot en wyl hulle na ons toe kom of die huise van ons sluit sodat ons met hulle kan praat."

MNR. JACOBS : Watter mense van watter organisasies het gegaan en so onder die mense gepraat? -- Dit was verskillende mense gewees wat onder mekaar gesels het terwyl hulle in 'n bus gery het as passasiers of in taxi's gery het as passasiers, by (30) bushaltes/...

bushaltes. So, ek kan nie sê of hulle aan n organisasie behoort het nie.

Op die vergadering van 26 Augustus het enigiemand daar die vraag gevra wat gaan gebeur met mense wat wel nie aan die besluit gaan gehoor gee nie en wel die verhoogde huur gaan betaal? -- Ek het alreeds gesê dat ek nie n persoon kan onthou wat dit gevra het, indien dit gevra was nie.

Ek wil dit aan jou stel dat daar was so n vraag gestel en die antwoord wat daar gegee was aan hom was dat diegene wat n kans gaan vat om wel te betaal, sal in die moeilik- (10) heid beland om doodgemaak te word. U Edele, u het gister vir my, net voor sy antwoord, die verwysing gevra. Dit is in volume 12 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou van hierdie stelling of van n ander stelling?

MNR. JACOBS : Van dié stelling. Dit is op bladsy 601 en ook in volume 14 van bladsy 680 af. Kan jy vir ons die antwoord gee? -- Soos ek alreeds gesê het, as iemand dit daar gesê het, dan was dit gesê deur daardie persoon, maar ek het nie gehoor dat iemand dit sê nie. Miskien, indien ek dit gehoor het, sou ek getwyfel het of ek die optog moet volg of nie. (20)

Is dit ook moontlik dat, jy het reeds vir die hof gesê jou geheue is so swak, jy dit vergeet het? -- Ja, ek het gesê dit is lank terug dat dit gebeur het.

Jy sê dat die besluit was dat julle moes na Houtkop gaan om met die raadslede daar te praat? -- Ja.

En as ek jou antwoord wat jy netnou vir die hof gegee het reg verstaan, dan sou julle by hulle die redes wou gaan uitvind het vir die verhoging? -- Ons het na hulle gegaan met die oog daarop om te gaan verduidelik dat die huur met die verhoging vir ons moeilik is om te bekostig. (30)

En/...

En dan, wat nog? -- Ons het gaan kla oor die R5,90, dat nie almal in daardie lokasie in staat sal wees met die inkomste om die verhoging te kan betaal nie.

HOF : Kan ek net by u iets uitvind in hierdie verband. As ek dit reg het, was die raadslede mense wat hulle eie werk gehad het, soos winkels en hulle het ook ander werke gehad? -- Ja.

Byvoorbeeld mnr. Mokiwane, wat was sy werk? -- Destyds was Mokiwane in diens gewees as 'n werknemer.

By iemand? -- As ek reg is, het hy in die dorp gewerk(10) want die trein wat hy gehaal het, was 'n trein na Johannesburg toe. Ek weet nie op die huidige oomblik of hy nog werk nie.

Kom ons aanvaar hy het in Johannesburg gewerk. Van die ander het hulle eie winkels gehad, van die ander het iets anders gedoen, maar daardie Maandag was 'n werksdag. Watter stappe sou julle neem om seker te maak dat die raadslede daar by Houtkop is om te hoor wat julle te sê het? -- Dit is wat ek nie weet nie. Wat ek wel van weet is dat ons op pad was na Houtkop toe om met hulle daar te gaan praat. Wat my betref, as ons daar aangekom het, indien hulle nie(20) daar is nie, dan sal hulle gehaal word.

Is dit wat u gedink het? -- Ja, dit is wat ek gedink het.

MNR. JACOBS : Was dit nie bespreek op die vergadering van 26 Augustus 1984 as julle nou gaan om die raadslede te ontmoet by Houtkop, hoe dat julle sal verseker dat die raadslede ook te Houtkop is nie? -- Dit is waarvan ek nie weet nie, hoe ons hulle daar sal kry. Al wat ek geweet het is dat ons gaan Houtkop toe om die raadslede daar te ontmoet.

(30)

HOF : Is dit uitdruklik gesê raadslede, dat julle die raadslede sou ontmoet? -- Ja, dit is wat hulle gesê het.

MNR. JACOBS : Net n ander kort aspek op hierdie vergadering nog. Op hierdie vergadering is daar die vraag gevra wat sal gebeur met die kinders van die mense wat beseer word? -- Iemand het dit geopper deur te sê wat daarvan as daar miskien ongelukke kan plaasvind dat daar persone op die optog beseer word? Wat sal dan gedoen word?

Met hulle kinders? -- Ja, met die kinders.

Wat was hulle antwoord? -- Die antwoord op die vraag(10) was dat niemand sal beseer word op die optog nie, want hierdie optog sal eintlik bestaan uit groot mense en tweedens, die optog sal hom self goed gedra. Dus die moontlikheid van beserings van persone kan uitgeskakel word. As ons die polisie raakloop, sal ons met die polisie kan praat.

Kan jy onthou of daar enigiets gesê is tot die effek dat die swartmense is mense wat bymekaar staan en die ander sal hulle help dan, die kinders en mense wat gearresteer word? -- Dit het ek nie gehoor nie.

Jy sê daar was geen tyd vir die opmars bepaal op hier-(20) die vergadering nie? -- Ja, daar was geen tyd bepaal nie.

Was dit op hierdie vergadering bepaal dat julle sou bymekaar moes kom by die Roomse Kerk Small Farms op 3 September 1984? -- Ja.

En was dit bepaal waar mense wat ver van die kerk af woon bymekaar sou kom? -- Nee, dit was nie by hierdie vergadering verduidelik nie.

Jy sê die oggend het jy om 08h15 na 08h20 geloop na die kerk toe? -- Ja.

As geen tyd dan bepaal is nie, hoekom het jy daardie (30)

tyd/...

tyd om 09h00 by die kerk te arriveer geloop?

HOF : Wat is die vraag? U moet duideliker praat, mnr. Jacobs. Die waaier maak ook n bietjie lawaai.

MNR. JACOBS : As jy die oggend om 08h15 na 08h20 geloop het om 09h00 by die kerk te arriveer, hoekom het jy dit gedoen as geen tyd bepaal was nie?

HOF : Nee, maar die vraag is, het sy geloop om 09h00 by die kerk te arriveer?

MNR. JACOBS : Sy het ongeveer net voor 09h00 - ek sal haar vra dan. Was jou doel om 08h15 tot 08h20 te loop dat jy (10) 09h00 by die kerk moet wees? -- Die Sondag van die 2de was ek kerk toe gewees. Met my terugkoms van die kerk af het ek verneem dat daar mense n luidspreker gebruik het om n aankondiging te maak dat die vergadering wat ons nou hier van praat om 09h00 vanaf die kerk sal vertrek. Dus die rede of op die tydstip toe ek by my huis weg is, het ek alreeds gewet dat die bepaalde tyd volgens die inligting wat ek nou het, 09h00 was.

HOF : So, u het geloop om om 09h00 daar te wees? -- Ja.

MNR. JACOBS : Die oggend van 3 September 1984 het die (20) busse geloop in daardie omgewing waar jy woon? -- Ja, dit het gery.

HOF : Normaal? -- Nee, nie normaal nie, omdat dit nie eintlik soos gewoonlik daaglik was nie. Dit was duidelik gewees dat daar nie baie mense was wat gebruik gemaak het van die busse die dag nie.

Nee, maar ek vra net of hulle soos gewoonlik op tyd gekom het en geloop het met reëlmatige tussenposes soos hulle altyd loop op n Maandagoggend? -- Die busse was nie soveel gewees soos wat dit gewoonlik is, die normale rooster nie. (30)

Daar/...

Daar was wel busse, maar nie volgens die bekende rooster van die busse nie.

Was daar meer of minder? -- Toe ek by die busstop verby gegaan het, was daar omtrent vyf busse gewees wat besig was om passasiers te laai.

MNR. JACOBS : Is jy seker daarvan?

HOF : Wag net so n bietjie. Is dit by Masenkeng? -- Ja, dit was by Masenkeng.

Daardie tyd van n Maandagoggend, hoeveel busse is daar gewoonlik? -- Ek het dit nog nie opgelet nie, want eintlik(10) staan die busse nie normaalweg daar nie. Hulle kom net daar, laai op en ry weg. So, dit is moeilik om vir die hof te kan sê normaalweg hoeveel busse is daar by daardie plek.

Is daar baie meer gewoonlik as die vyf wat u daar gesien het of is dit maar omtrent soos dit altyd was? -- As al die mense werk toe gaan is hulle meer as die vyf.

Tien keer meer? -- Ek het dit nog nie getel nie. Dit is moeilik om n skatting te gee. Dit kan wees miskien soos u dit nou geskat het, dat dit wel tien keer meer is.

U moet nie met my saamstem nie. Ek probeer net uitvind(20) hoe lyk dit daar op n Maandagoggend, want ek was nog nooit op n Maandagoggend as die mense gaan werk daar by Masenkeng nie en niemand het my nog ooit vertel hoe groot is Masenkeng en hoeveel busstaanplekke daar is nie. Ek weet glad nie hoe lyk dit daar nie. Vertel nou n bietjie vir my hoe lyk Masenkeng. Is dit verskillende plekke waar busse stilhou om mense op te laai of is dit sommer maar net n straat waar n paar busse stilhou? -- Dit is n busstop. Die mense staan daar en wag vir die bus totdat die bus kom en as die bus daar kom, sal dit net stilhou, mense oplaai en wegry. (30)

Is/...

Is dit onder dak of is dit oop? -- Dit is onder dak.

Hoeveel dakke? -- Dit is drie of vier rye wat geakkommodeer word onder die dakke, verskillende dakke.

Hoeveel busse kan langs een dak staan agter mekaar? -- Dit is nie almal wat vir die bus wag wat onder daardie dakke staan in hierdie rye nie. Van die mense staan by verskillende plekke waar daar nie dak is nie.

Ek stel nie belang in die mense nie. As al die busse nou inkom om die mense op te laai en hulle staan agter mekaar, hoeveel staan daar dan by een ry dakke? -- Dit is (10) juis my punt. Dit is vir my moeilik om vir u te kan sê tensy ek vir u sê by daardie ry onder daardie dak staan mense wat by hierdie plek werk en by hierdie plek werk. Dit wil sê die toue beskrywe. Dan sal ek in staat wees om te kan tel hoeveel busse daar kan staan.

Ja, vertel maar? -- 'n Plek bekend as River Setoa(?), Three River, Vereeniging, Daniëlsville, Sasolburg, Meyerton. Dit is verskillende plekke.

MNR. JACOBS : Ek wil 'n stelling wat deur die verdediging gestel is van wat in die algemeen gebeur het daar in Sebo-(20)keng daardie dag, aan jou meld. Dit is dat daar in Sebokeng in die algemeen van vroeg die oggend af van 3 September groepies mense op straat, dit was jong mense gewees wat gegaan het by die busstoppe na die ander mense wat werk toe wou gaan en hulle dan gekeer het om nie werk toe te gaan nie.

MR BIZOS : Could we have a reference to that? I would like to have the reference in order to check it.

MNR. JACOBS : Dit is volume 65 bladsy 3 420. Het jy so iets opgemerk by daardie betrokke busstop wat jy nou beskryf (30)

het/...

het vir die hof? -- Ek het nie so iets opgemerk nie. Ook nie by hierdie busstop wat ek nou net beskryf het nie.

Die oggend van die 3de voordat jy geloop het na die kerk toe, kan jy onthou of jy die heelyd in die huis was of was jy buitekant jou huis voordat jy geloop het? -- Voor ek kerk toe was?

Na die kerk toe geloop het op 3 September, na die Roomse Kerk toe?

HOF : Wat is die vraag?

MNR. JACOBS : Of sy die hele tyd die oggend voor dit in (10) die huis was, sê tussen 07h00 en 08h00, of was sy partykeer buitekant die huis? -- Ek was in die huis gewees.

As jy daar in jou huis is, kan jy hoor die busse wat arriveer by die busstop? Is jy naby genoeg aan die busstop om dit te hoor? -- Ek kan die gedreun van die bus se masjien hoor.

Kan jy ook hoor as mense daar praat en as daar hard gepraat word by die busstop en as daar enige ander versteuring is? -- Nee, ek kan nie hoor nie.

U sien, mev. Mokiwane wat daar in die omgewing bly (20) waar jy bly, sê dat daar tussen 07h00 en 08h00 daardie oggend was daar 'n lawaai by die busstoppe gewees of busstop en daarna het mense wat die bus wou gehaal het teruggekom na hulle huise toe wat toe weer daar verby geloop het. Het jy enigiets daarvan opgemerk of gehoor? -- Ek het dit nie gesien nie en ek sal ook nie mev. Mokiwane se getuienis betwis as sy dit sê nie. Moontlik het sy dit gesien, want haar huis is meer nader aan die busstop as my huis waar ek bly.

Ek wil dit aan u stel dat na dit het mev. Mokiwane haar huis verlaat en gaan skuil by 'n ander huis in die nabyheid. (30)

HOF/...

HOF : Op watter tyd?

MNR. JACOBS : Ongeveer voor 08h00. Die lawaai gehoor het tussen 07h00 en 08h00 en die mense teruggekome het, het sy haar huis verlaat en gaan skuil by iemand anders.

HOF : Wat is die verwysing hier?

MNR. JACOBS : Ek sal dit net kry. -- Ek het nie die geraas gehoor of mev. Mokiwane gesien nie.

U Edele, die is in volume - ek het die volume ongelukkig nie hier nie. Ek het die bladsy, volume 72 3 854 en dan die bladsye wat daarop volg. Dit is daarin inbegrepe. (10)

U kan nie betwis dat dit wel gebeur het dat sy daardie tyd gaan skuil het nie?

HOF : Mnr. Jacobs, ek maak nou maar net die ding oop op 3 854 en daar staan 'n vraag van die hof "Was dit ongeveer 08h00?" "Ja, om en by 08h00, 09h00 se kant." Nou hoe stel u dan dat dit voor 08h00 is?

MNR. JACOBS : Goed, dan ongeveer 08h00.

HOF : Ja, ongeveer 08h00 is nie om en by 08h00, 09h00 se kant nie. Ek weet nie, ek het nou nie die hele stuk gelees nie, maar u het aan die getuie gestel dit was voor 08h00, (20) tussen 07h00 en 08h00 het u begin en dit was voor 08h00 wat mev. Mokiwane gaan skuil het êrens anders. Dit kan wees dat u reg is op die getuienis. Ek het nog nie tyd gehad om dit mooi deur te lees nie.

MNR. JACOBS : Dit begin by 07h00, die geraas gehoor in die rigting van die bushalte van gebied 7 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die punt is, op bladsy 3 855 staan "When talking about 08h00, I am talking about the noise I heard that was at about 08h00."

MNR. JACOBS : 'n Bietjie bokant toe staan ook dat dit 07h00 (30)

was/...

was die geraas gehoor by die bushalte in gebied 7.

HOF : Op watter bladsy is dit?

MNR. JACOBS : Dit is van die begin van haar getuienis af.

HOF : Op watter bladsy staan dit? Watter reël. U hoofgetuienis begin om 08h00.

MNR. JACOBS : Ek het h nota dat om 07h00 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek stel nie belang in u notas nie. Waar kom die 07h00 in? Plek, reël? U het h hele span daarso. As ek binne vyf minute die stuk voor my kan hê en deurlees kan u seker (10) ook binne vyf minute die stuk voor u hê en deurlees.

MNR. JACOBS : Ek het dit laat haal. Ek trek op die oomblik die vraag terug. Dan sal ek met iets anders aangaan.

HOF : Maar dit help nie om h vraag halfpad te stel en dan terug te trek nie. Ek kan tog nie elke stelling wat u maak kontroleer nie. As u h stelling maak oor h tyd wat baie belangrik word uiteindelik dan moet ek weet waar staan dit. Veral as ek in my gedagte het dat sy h later tyd gesê het.

MNR. JACOBS : Kan ek met h ander vraag voortgaan?

HOF : Ja, kom ons gaan met h ander onderwerp voort. (20)

MNR. JACOBS : Toe u by die Roomse Kerk arriveer het op 3 September 1984, het jy enige mense gesien wat daar besig was om plakkate te maak? -- Ek het direk daar na die kerksaal toe gegaan. Ek het wel mense daar buite gesien, maar ek het nie opgelet wat hulle besig was om te doen nie.

Daar in die nabyheid van die ingang van die kerk se deur waar die mense vergader het, het jy daar enige plakkate gesien? -- Nie op die stadium wat ek daar aangekom het nie.

Het jy binne-in die kerk enige plakkate gesien?

HOF : In die kerksaal. Die kerksaal is h ander plek as (30)

die/...

die kerk.

MNR. JACOBS : In die kerksaal? -- Ek het dit nie gesien nie.

Toe u in die saal ingegaan het, was die saal vol gewees?

-- Dit was nie vol nie.

Toe u ingegaan het, was daar enige mense op die verhoog?

-- Daar was niemand op die verhoog nie.

Het enigiemand op 'n later stadium nadat jy in die kerk was na die verhoog toe gegaan? -- Ja.

Wie was dit? -- Ek ken nie die persoon nie, maar die persoon se voorkoms aan my was bekend gewees as 'n persoon (10) wat iets te doene gehad het by die vergadering van die 26ste tydens die verkiesings van gebied 3 se mense.

HOF : Was hy die voorsitter by die verkiesings? -- Ja, hy was die voorsitter gewees.

MNR. JACOBS : Was hy alleen? -- Op watter stadium?

Toe hy na die verhoog toe gegaan het? -- Ja, hy was alleen gewees.

En het hy alleen daar gebly totdat hy klaar gepraat het en toe is hy uit? -- Hy het nie daar gaan sit nie. Hy het 'n toespraak gemaak terwyl hy daar gestaan het. Onmiddellik (20) na hy klaar was, is dit wat hy gesê het deur al die mense daar bevestig. Daarna het ons uitgegaan.

Die ander mense wat die bevestiging gedoen het, was hulle in die gehoor gewees of was hulle ook op die verhoog? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar as ek reg is, was hulle tussen die gehoor gewees toe hulle dit gedoen het.

HOF : Was hulle in die gehoor en het hulle na vore gekom of het hulle vanuit die gehoor gepraat? -- As ek reg onthou het hulle dit bevestig terwyl hulle tussen die gehoor was.

MNR. JACOBS : Het hulle slegs gesê hulle bevestig wat (30)

daardie/...

daardie persoon sê of het hulle dieselfde toespraak weer gegee wat daardie persoon gegee het? -- Hulle het gesê hulle stem saam met wat hierdie persoon gesê het in sy toespraak.

Is dit al wat hulle gesê het? -- En toe herhaal dat die mense hulle self goed moet gedra tydens die optog.

Is daar in hierdie toespraak van die eerste persoon wat gepraat het gemeld dat julle dan na Houtkop toe gaan om met die raadslede te gaan praat? -- Ja, hy het gesê "Ons het onself voorberei. Ons is nou gereed om na Houtkop toe te gaan om die raadslede daar te gaan ontmoet." (10)

En het hy gesê as hulle ontmoet word sal daar 'n gesprek met hulle gevoer word? -- Ek verstaan nou nie wat u bedoel met die gesprek nie.

Sou iemand met die raadslede daar in gesprek kom dat hulle sal iets bespreek? -- Dit het hy nie aan ons verduidelik nie.

Het hy nie verduidelik wie sal met die raadslede gaan praat, of daar mense gekies was nie? -- Ek het dit glad nie gehoor nie.

Was daar enige sprake van 'n petisie op daardie ver-(20)gadering deur enige van die sprekers daarso? -- Wat is 'n petisie?

Ek vra of daar sprake was dat hulle sou 'n petisie soontoe neem of nie? -- Ja.

HOF : Maar het u dan geweet waarvan gepraat word? -- Ja, ek het geweet waaroor praat ons almal daar.

Waaroor? -- Ons het gekla oor die verhoging van R5,90.

Nee, maar die vraag is, was daar sprake van 'n petisie en u sê ja? -- 'n Petisie? Ek verstaan nie die stelling nie.

As u nie weet wat 'n petisie is nie, sal u seker (30)

onthou/...

onthou of dit gemeld was of nie gemeld was op die vergadering nie? -- Ek sou dit onthou het. Al ding is, ek sou net nie geweet het wat dit beteken nie.

Is u antwoord dan dat daar nie gepraat is van n petisie op die vergadering nie? -- Ek het dit nie gehoor nie. Dit kan wees dat ek dit alreeds vergeet het.

MNR. JACOBS : Is daar toe gemeld op hierdie vergadering hoe dat daar verseker is dat die raadslede by Houtkop gekry sal word vir die ontmoeting daar met julle mense? -- Wat in my gedagte aangegaan het, was die volgende. Dat dit (10) moontlik is dat die voorsitter en ander leiers by hierdie vergadering alreeds weet hoe en wie die persone is wat dan die gesprek gaan uitvoer.

My vraag is eenvoudig, was dit daar genoem ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, die eenvoudige vraag is al twee keer beantwoord. Ek het daardie vraag ongeveer n kwartier gelede gestel.

MNR. JACOBS : Ja, dit was op die vergadering van die 26ste, maar met respek, ek sal aangaan.

HOF : Ek is jammer, u is reg. (20)

MNR. JACOBS : Ek praat van hierdie vergadering op 3 September? -- Dit was nie verduidelik nie.

Was dit nie daar op die vergadering gesê as julle by die raadslede se huise verbygaan, dat julle hulle dan sal kry om saam met die optog te loop na Houtkop toe nie? -- Ek het nie gehoor dat dit daar gesê word nie.

As jy nou sê jy het dit nie gehoor nie, is dit dat jy dit nie kan onthou nie of is dit glad nie gesê nie? -- Dit was nie gesê nie.

Was daar op hierdie vergadering enige bespreking (30)

omtrent/...

omtrent wanneer die polisie julle miskien voorkeer, wat sou gebeur? -- Ek het nie daarvan gehoor nie, maar wat ons wel gesê het was dat indien ons die polisie ontmoet, sal ons met die polisie praat.

Jy sien, ek verstaan nie jou antwoord nie "wat ons wel gesê het was dat indien ons die polisie ontmoet, sal ons met die polisie praat." Wie het dit gesê? -- Ek kan nie meer onthou wie die persoon is wat die woorde gebesig het dat ons met hulle sal praat as ons hulle ontmoet nie, want dit was h antwoord op h vraag van iemand anders, dat dit (10) uitgekom het.

Op hierdie vergadering van 3 September voor die optog begin het? -- Dit was op 26 Augustus waar hierdie antwoord gegee was op h vraag.

HOF : Probeer om die ding h bietjie maklik vir ons te maak. Ons is nou besig met 3 September.

MNR. JACOBS : Op 3 September, op daardie vergadering, hetsy binne of buite die saal, het enigiemand verwys na wat sal gebeur as die polisie julle voorkeer? -- Niemand het daarvan gepraat nie. (20)

Is daar nie gemeld wat sal gebeur as die polisie julle voorkeer en nie wil toelaat dat julle verder gaan nie? -- Al wat gesê was, was dat ons die polisie raakloop, sal ons met die polisie praat.

Kan jy onthou dat daar ook gesê was dat as die polisie traanrook gebruik, vir daardie doel moet die mense nat lappe saam met hulle vat? -- Dit was nie gesê nie.

Buitekant die saal na die toespraak binnekant, is daar enigiets gesê van leiers van hierdie spesifieke optog wat voor aan die optog sou loop? -- Dit was nie gesê nie. (30)

Het/...

Het hierdie plakkaatdraers heel voor hulle wel leiers gehad? -- Ek het nie ander leiers gesien nie. Ek het net die plakkaatdraers alleen gesien.

Kan jy nie onthou of dit so gebeur het dat die leiers, spesifieke leiers het uitgegaan in die straat, uit die kerkperseel op die grondpad gaan staan en toe is die plakkaatdraers geroep om uit te kom en agter hulle in te val en toe is die mense geroep om agter die plakkaatdraers in te val nie? -- Ek kan nou nie so goed onthou nie.

HOF : Kan u onthou of die optog opgestel is op die perseel(10) of in die straat? -- Dit was op die perseel gewees.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou of daar voor aan hierdie optog ook 'n banier was? Met ander woorde, soos gister aan jou verduidelik is, die lap met die twee punte aan die stokke wat deur mense gehou word in die lug? -- Ek het net die plakkaatdraers gesien. Die banierdraers het ek nie gesien nie.

HOF : Net 'n oomblik. Het u net die plakkaatdraers gesien wat 'n banier dra of net die plakkaatdraers wat plakkaate dra? Weet u die verskil tussen 'n banier en 'n plakkaat? -- Is dit nie reg dat 'n banier is gemaak van materiaal nie (20) en 'n plakkaat is gemaak van 'n geskeurde kartondoos nie?

Gewoonlik, ja. -- Ek het dan net die mense met die kartondose gesien wat dit gedra het.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

LILLIAN MAMOLEKO NYEMBE, nog onder eed

HOF : Ons het begin sonder dat die operatrise beskikbaar was per oorsig. Die vraag wat gevra is na tee is uiteindelik so neergeskryf. "Het jy rook gesien in die omgewing van die interseksie?" Die antwoord was "Ek het rook gesien te Sebokeng. Ek was op die hoofpad. Ek sien rook in die (30)

rigting/...

rigting van die steeg." Tot daar het ons gekom.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Die volgende vraag. Waar is die steeg waarna u verwys spesifiek? -- Dit is aan die kant, dit wil sê in die rigting van gebied 11.

HOF : Loop die steeg uit die interseksie uit? -- Die steeg is ook van hierdie hoofpad waar ek was, want selfs die ander straat van die stadion sluit ook aan by die hoofpad waar ek was.

MNR. JACOBS : Waar die ander pad van die stadion af ook aansluit ny hierdie hoofpad waarin jy was, is die steeg daar(10) in daardie plek? -- Nee, by twee verskillende punte.

HOF : Hierdie sogenaamde steeg, sluit hy aan by die geleidelike draai na regs in die teerpad of sluit hy op 'n ander plek aan? -- Net waar die pad regs swenk kry jy die aansluiting van die steeg.

MNR. JACOBS : Waar was jy op daardie pad toe jy daardie rook by daardie steeg vir die eerste keer gesien het? -- Dit was terwyl die optog die draai vat of die swenk van die pad, terwyl die optog in beweging was.

Dit is nou 'n bietjie verwarrend. Die optog het 'n (20) voerpunt en jy was taamlik aan die agterpunt. Daarom het ek gevra waar was jy spesifiek toe jy daardie rook die eerste keer opgemerk het? -- Ek was heel agter aan die linkerkant van die optog. Dit is hoe ek dit opgelet het.

Was jy op daardie stadium toe jy dit die heel eerste keer gesien het nog voordat jy BP Garage bereik het of by BP Garage of nadat jy BP Garage verby is, was dit terwyl jy by Fowlers se bushalte was of was dit toe jy by die interseksie self gekom het? Dit is wat ek probeer vasstel? -- Dit was terwyl ek by die afswenk van die pad was op (30)

die/...

die optog dat ek bewus geword het van die rook.

HOF : Waar is dit? -- Dit is waar hierdie hoof teerpad na regs swenk, op daardie punt, wat ek bewus geword het van die rook.

Ek het gedink die voorkant van die optog was toe daar. Was dit toe u daar was? -- Nee, hulle was al ver verby. Die gedeelte van die optog waar ek was, die agterste kant, was by daardie punt gewees toe ek opgemerk het dat daar rook was.

MNR. JACOBS : Was dit digte rook? Digte swart rook? -- (10) Dit was vir my rook wat 'n mens gewoonlik sien volgens my waarneming.

Was dit 'n digte rook of nie? -- Dit was nie 'n digte rook nie.

Was dit 'n opmerklike rook gewees? -- Ja, dit was net 'n opmerklike rook gewees.

HOF : Het dit bo die huise uitgestyg? -- Ja, tussen die huise bo kon 'n mens dit sien.

Maar was dit bo die huise uit? -- Ja, bo die huise.

MNR. JACOBS : Net een ding wat ek jou wil vra voor ek (20) aangaan op daardie punt. Toe julle die kerk verlaat het, die man wat daar voor gepraat het, het hy nie as die segsman daar opgetree en voor plek ingeneem by die optog nie? -- Ek het nie opgelet of die persone vorentoe gegaan het of watter posisie die persoon ingeneem het nie. Die laaste van hom wat ek geweet het is toe hy nog daar gepraat het.

Jy het ook getuig van die mense wat jy volgens jou getuienis gesien het wat voor aangesluit het wat gekom het uit gebied 11 uit? -- Ja, ek het daarvan gepraat.

Kan jy vir ons sê, hierdie mense, was hulle in 'n (30) groep/...

groep gewees of was hulle sommer net los mense of was hulle in 'n prosesie gewees toe jy hulle gesien het? -- As gevolg van die lengte van die optog daar, toe die optog sy pas verminder het, het ek toe aanvaar dat daar wel mense was wat besig was om aan te sluit by hierdie optog.

HOF : Wat beteken dit? -- Wat ek sê is dat toe die optog daar in die nabyheid van gebied 11 gekom het, het dit baie stadig beweeg vir 'n hele ruk, wat 'n aanduiding was vir my dat daar mense besig was om by hierdie optog aan te sluit.

Laat ons net duidelikheid kry. Het u geen mense (10) gesien aansluit nie? -- Die werklike aansluiting van die mense het ek nie gesien nie. Wat gebeur het, is die volgende. Toe die optog die pas verminder het, het ek besluit om te loer wat daar voor gebeur aangesien ek heel agter was. Toe ek geloer het, het ek op daardie stadium opgemerk dat mense besig was om aan te sluit by die optog daar voor.

MNR. JACOBS : Met ander woorde, jy het mense gesien? -- Ja, ek het mense gesien aansluit.

Die mense wat jy gesien het, was dit baie mense of was dit min mense? -- Dit was baie mense. (20)

As jy sê baie, hoeveel skat jy hulle? -- As gevolg van die vertraging van die optog daar voor dat ons stadig beweeg het vir daardie tydperk, skat ek omtrent honderd na honderden-vyftig mense het daar aangesluit.

Jy sê die optog was vir 'n lang tyd vertraag. Het dit tot stilstand gekom? -- Daarby bedoel ek dat ons baie stadig beweeg het, nie stil gestaan het nie, maar baie stadig beweeg het tot al die mense aangesluit het en toe weer die spoed herwin het.

Jy sê ook jy het mense gesien. Nou wil ek net weet (30)

hoeveel/...

hoeveel mense het jy gesien? Ek wil nie weet dat jy n afleiding maak omdat die opmars stadig beweeg het en n lang tyd verloop het nie, ek vra spesifiek wat jy gesien het, want jy sê jy het mense gesien aansluit? -- Die mense wat ek gesien het sal ek sê word min of meer gedek deur hierdie getal wat ek al genoem het, honderd-en-vyftig of honderd-en-sestig.

Goed, jy het nou soveel mense gesien. Was hulle in n deurmekaar - net so n bondel gewees of was hulle in die optog gewees, in die prosesie? -- Dit het vir my voorgekom asof die persone daar in n klomp gekom het om te gaan (10) staan waar hulle aangesluit het.

Daar waar hulle toe aangesluit het, was hulle toe in die interseksie waar hierdie klomp persone gestaan het? -- Ek het gesê dit was in die omgewing van die aansluiting van die pad van die stadion op hierdie hoofpad wat die optog gebruik het.

Was dit in daardie interseksie waar die klomp mense was? -- Ekskuus?

Was die klomp mense in daardie interseksie wat gevorm word deur die pad wat kom vanaf die stadion wat aansluit (20) by hierdie hoofpad waarop julle geloop het? -- As gevolg van die manier waarop ek heel agter was daar ver van die punt wat beskryf word nou, het dit vir my geblyk of die mense met daardie straat af gekom het van die stadion af wat aansluit by hierdie een.

Is dit net n afleiding wat jy maak of het jy dit gesien? -- Volgens my waarneming aangesien hulle die bus of die stop verby gegaan het en die aansluiting net anderkant daardie punt was, het ek aanvaar dat hulle van daardie rigting was. Dit is die rigting van die stadion by die aansluiting op (30)

die/...

die hoofpad.

Na watter stop verwys jy as jy sê dat hulle die stop verby is? -- Hulle was anderkant Fowler stop.

Was dit die voerpunt van julle optog wat anderkant Fowler stop was of praat jy van ander mense?

HOF : Sy is besig om vir u te beduie waar die mense was, die mense synde die groot groep van honderd, honderd-en- vyftig tot honderd-en-sestig wat aangesluit het by die optog. U is besig om haar te ondervra oor waar die mense was.

MNR. JACOBS : Dit is reg. (10)

HOF : Nou vra u weer waar die optog se voerpunt was?

MNR. JACOBS : Ja, maar ek verstaan haar nie. Sy sê dit is verby Fowler se busstop.

HOF : Ek verstaan haar baie goed, want as u kyk op die kaart dan sal u vind dat die pad wat van die stadion af loop kom by die interseksie aan.

MNR. JACOBS : Dit verstaan ek ook.

HOF : As sy sê dit was in die omgewing waar daardie pad aansluit, dan was dit in die omgewing van die interseksie.

Dan weet ons nou omtrent wat sy bedoel. (20)

MNR. JACOBS : Dan sal ek net een vraag vir jou nog vra. Is dit moontlik dat daardie mense kon uit daardie interseksie uit gekom het om daar by die voerpunt van julle optog te kom - uit die steeg uit gekom het om daar by die voerpunt van julle optog uit te kom? -- Ek weet nie, want ons het die mense daar gevind. Dit kan wees dat hulle ook daar uitgekome het.

En op die stadium toe jy die mense daar gesien het, het jy nog nie rook gesien in daardie rigting - rook gesien vorentoe in die rigting van die steeg en die interseksie (30)

daar/...

daar? -- Toe die mense aangesluit het, is voor ek die rook gesien het.

Want jy het spesifiek in daardie rigting gekyk? -- Nee, eers na die optog die swenk geneem het en terwyl ek by daardie punt van die swenk was, het ek spesifiek in daardie rigting gekyk.

K1071

Toe jy uitgeloer het, soos jy sê, om te sien wat hier voor aangaan, hoekom die optog stadiger loop, het jy gekyk in die rigting waar jy die rook gesien het daar na die interseksie toe? (10)

HOF : Die rigting waar sy later die rook gesien het?

MNR. JACOBS : Later die rook gesien het? -- Ek het nie na daardie rigting toe gekyk nie. Ek het probeer sien en my aandag daarop gevestig hoekom die optog stadig beweeg.

Daar by BP Garage toe julle daar verby gegaan het, ek wil dit aan jou stel dat daar op daardie stadium was daar alreeds padversperrings. Het jy dit gesien of nie? -- Ek het dit nie gesien nie.

Kan jy enige rede aanvoer waarom jy nie gesien het nie? -- Hoekom ek sê dat ek dit nie gesien het nie, was omdat (20) ek dan n manier sou probeer het om daar verby te kom, want daar was mense agter my gewees en as daar n versperring was, dan sou ek dit gesien het.

Die oggend van die 3de vandat die opmars begin het totdat julle uitmekaar gejaag was, het jy in daardie omgewing soos die mars beweeg het aan beide kante van die mars in die woongebied enige rook of versperrings opgemerk, behalwe nou die een wat daar by die interseksie was? -- Eers na ons uiteen gejaag was, het ek die padversperrings gesien in die vorm van klippe en opgemerk dat die Indiërs se plekke aan (30)

die/...

die brand was en met my aankoms by die huis gesien dat Mokiwane se huis aan die brand is.

So, met ander woorde, terwyl die opmars aan die gang was, het jy geen rookkolomme gesien nie, soos jy gesê het behalwe die een daar by die interseksie? -- Ek het by geen plek rook gesien nie.

En toe jy teruggekom het nadat die mars uiteen gejaag is, watter roete het jy terug gevolg na jou huis toe? Laat ek dit eers so stel, is jy nadat julle uitmekaar gejaag was direk huis toe? -- Ja, ek is direk huis toe. (10)

Watter roete het jy gevolg? -- Om terug te keer huis toe nadat ons uiteen gejaag was, het ek op die volgende manier terugbeweeg. Daar is 'n straat regoor die garage en daar is 'n straat wat parallel is met daardie straat. Ek het dus in die straat wat parallel is met die straat regoor die garage huis toe gestap.

HOF : Laat ons net eers duidelikheid kry, voordat u verder verduidelik. Die straat regoor die garage of reg voor die garage verby? -- Die straat loop dood direk voor die garage. Dan is daar 'n straat wat parallel is met daardie (20) een. Dit is die straat wat ek gebruik het.

Die garage wat u van praat, is dit Hunters? -- Ja, dit is Hunters.

Is u in gebied 11 in? -- Ja, gebied 11.

En die straat wat parallel loop met daardie straat wat langs die garage loop, is hy nader aan die poskantoor as daardie straat? -- Nee.

Dan begryp ek nie.

MNR. JACOBS : Om te loop soos jy gesê het in daardie straat loop jy in die middel van gebied 11 as jy dit vat vanaf (30)

die/....

die pad wat die opmars geloop het of meer na die - as ek net die rigting kan kry ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Toe die optog uitmekaar gejaag is, is u in gebied 11 in of is u in gebied 13 in? -- Ek is in gebied 11 in.

MNR. JACOBS : En die pad wat jy geloop het terug na jou huis toe, loop dit parallel met die straat of die pad tussen gebiede 11 en 12 waarop die opmars beweeg het vroeër? -- Nee, die straat wat ek gebruik het huis toe, maak 'n T-aansluiting met die hoofstraat wat die optog gevolg het. (10)

HOF : Ken u Wessels Mothastraat? -- Ek ken nie die strate daar op name nie.

MNR. JACOBS : Waar jy die optog verlaat het - laat ek dit eers so stel. Weet jy waar die burgemeester mnr. Mahlatsi se huis is? -- Nee.

Naby Hunters Garage in gebied 11 toe jy die optog verlaat het, het jy enige plekke gesien wat brand daar in die ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons eers bepaal wat haar roete is, anders gaan ons net in die lug rondtas. Die straat tussen BP Garage (20) en die poskantoor is Wessels Motha Road? -- Is dit nou 'n teerpad of 'n grondpad?

'n Teerpad waarop die busroete is waarop julle gestap het? -- Daar is twee teerpaaië daar. Daar is 'n teerpad deur gebied 11 en dan is daar 'n teerpad net buite gebied 11. Watter een is Wessels Motha?

Kan ek u net vra, die een net buite gebied 11 is Wessels Motha, die teerpad deur gebied 11, is dit die teerpad wat by die winkels en die biersaal in gebied 11 verby loop? -- Ja, dit is die teerpad waarvan ek praat wat deur gebied 11 (30) gaan/...

gaan.

En is dit die teerpad wat u geneem het? -- Nee, dit is nou nie die pad wat ek gevolg het nie. Daar is n pad wat begin net regoor Hunters Garage en daar is dan n straat net langsaan daardie straat. Dit is die straat wat ek gebruik het om terug te gaan huis toe.

MNR. JACOBS : As jy met daardie straat loop, reguit aan loop, kom jy dan by jou huis uit? -- Nee, ek draai af. Die straat is nie reguit na my huis toe nie.

Hy neem jou waarheen waar jy moet afdraai of waar jy(10) daardie spesifieke dag afgedraai het? -- Die straat neem my tot in die nabyheid van die kerk en die skole. Daardie straat loop dood daar. Daarvandaan loop ek deur die oop stukke veld of openinge van erwe waar daar nie gebou is nie.

Laat ons net duidelikheid kry. Die kerk en die skole in watter gebied? -- Gebied 11.

Om daar uit te kom, gaan jy redelik naby die sentrum verby waar die Ontwikkelingsraad se kantore is? -- Nee, as ek reg is, is daar nie n Administrasiesentrum daar nie.

HOF : Kom u by die stadion verby? -- Nee, ek gaan ver van(20) die stadion verby.

Is die stadion aan u regterhand of aan u linkerhand soos u huis toe loop? -- Aan die linkerkant.

MNR. JACOBS : Daar by Hunters se Garage waar die pad verlaat het daar, in daardie omgewing, het jy daar enige rookkolomme gesien? Dit is nou in gebied 11 nadat jy ingegaan het? -- Ek het nie rook gesien nie.

In gebied 11, het jy enige rook daar gesien? -- Ek het ook nie rook gesien daar nie. (30)

Toe u gebied 7 binne gegaan het, waar het u dit presies binne/...

binne gegaan? -- In die omgewing van Kwaggastroom.

HOF : Die stroompie wat deur die middel van gebied 7 loop?

-- Nee, Kwaggastroom is die naam van h stasie.

Maar het u dan nie h geweldige draai geloop nie? -- Nee, maar ek was reeds van voorneme om ver te gaan draai sonder om deur die woonbuurtes te gaan om by die huis uit te kom. Ek het die woonbuurtes vermy.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u met ander woorde deur die veld geloop hoofsaaklik? -- Na ek deur gebied 11 was het ek deur h oop stuk veld geloop tot ek weer in gebied 7 in h woon-(10) buurt ingegaan het.

MNR. JACOBS : Daar waar jy gebied 7 in die woonbuurt ingegaan het, gaan jy dan naby die Ontwikkelingsraadskantore in gebied 7 verby? -- Ek het nie by die kantore van die Ontwikkelingsraad verby gegaan nie.

Nie by hulle verby nie, maar in die nabyheid van hulle verby? -- Nee.

Het jy enige rookkolomme gesien in gebied 7 waar jy ingegaan het en soos jy aangeloop het huis toe in die gebied?
-- Ja. (20)

Waar het jy dit gesien? -- Dit was aan my linkerkant gewees soos ek daar beweeg het in die rigting van Small Farms by die Indiërs se woonplekke.

Was dit nie baie ver van jou af nie, daardie rookkolom by die Indiërwinkels? -- Die pad wat ek daar gebruik het en waar ek beweeg het tydens die sien van die rook, van daar af kan h mens die wonings van die Indiërs sien.

HOF : Bedoel u die winkels van die Indiërs ook? -- Ja, volgens my oplet daar kan jy die winkels ook sien.

MNR. JACOBS : Dit was aan jou linkerkant waar jy hierdie (30)

rook/...

rook gesien het en aan jou regterkant, kon jy enige rookkolomme daar sien? -- Ek het nie rook gesien nie.

En voor jou soos jy aangeloop het, kon jy rookkolomme sien? -- Ek het nie rook gesien nie.

Daar waar Mokiwane se huis gebrand het, voordat jy daar gekom het, kon jy nie die rook sien nie? -- Eers toe ek daar kom het ek die rook gesien.

Toe jy by die huis gekom het of hoe ver kon jy die rook gesien het? -- Ek was besig om by die huis verby te gaan.

En jy het vir die hof in jou getuienis-in-hoof gesê (10) daardie huis was nog besig om te brand hoewel die dak in geval het? -- Ja.

Die rook wat daar uitgekom het, is dit digte rook wat hoog op getrek het? -- Nee, dit was 'n tipe rook wat 'n mens kan beskryf as 'n rook wat nou doodgaan. Dit het nie hoog getrek nie.

Die biersaal in gebied 7, is dit baie ver van julle huis af? -- Dit is 'n ent.

HOF : Ek kan nie begryp waarom u vanaf die westekant u huis genader het nie. Ek sou gedink het soos u geloop het sou (20) u u huis van die oostekant af nader? -- Watter huis praat u nou van? Mokiwane se huis?

U eie huis? -- Wat van ons eie huis? Ek verstaan nie die vraag nie.

Ek het gedink u sou van die oostekant af in die straat af kom en nie van die westekant af in daardie straat af kom nie? -- Nee, ek het in daardie straat ingegaan van wes af, want as ek nou aan die ander kant gegaan het, dan was dit 'n ver draai om te loop.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die stasie wat u van praat (30)

Kwaggastroom, is dit die stasie net suid van Kwaggafontein?

-- Ek verstaan nie.

As n mens van Vereeniging se kant af met n trein ry dan kom jy eers by Kwaggastroom en dan die volgende stasie is Kwaggafontein? -- Ek is nie meer seker van die stasies daar hoe hulle mekaar volg nie. Daar is Houtkop en dan ander stasies, maar watter eerste kom en watter later kan ek nie sê nie.

HOF : Hoekom het u probeer om die woongebiede te vermy? -- Ek het besef dat ek naby die straat was en ek kan gebruik (10) maak van hierdie straat om terug te stap. Sodoende, terwyl ek daar beweeg het, het ek toe besluit ek gaan liewers nie meer in die woonbuurtes in nie. Daarop het ek die woonbuurtes vermy.

Waarom? Waarom wou u liewers nie in die woonbuurtes ingaan nie? -- Na ek die vuurwapens en die gewere se geluide daar gehoor het en gevoel het dat ek deur traangas geaffekteer was, het ek gedink dat dit moontlik is dat die polisie nog agter aankom en dus besluit het om nie in die woonbuurtes in te gaan nie. (20)

MNR. JACOBS : Die oggend van 3 September 1984, voordat jy na die kerk toe gegaan het, het jy skote gehoor in die rigting van BP Garage? -- Nee, ek het nie gehoor nie.

Dankie, Edele.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

COURT : You are excused from further attendance, provided that you will make yourself available should we require you again, which is unlikely.

- - - - -

MOTLALEPULE MARTHA OLIPHANT, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS : She will be giving her evidence in Sotho. Mrs Oliphant, are you a resident of Zone 3 Sebokeng?
-- That is true.

What is the stand number on which you live? -- 552030
Zone 3.

Are you the mother of six children? -- That is true.

Do you live at this place with your husband, Mr Oliphant?
-- That is so.

During 1984, did you become aware of an organisation(10) known as the Vaal Organisation of Women? -- That is so.

How did you become aware of it? -- This was as a result of what I came to know as something of help from this organisation.

COURT : Do you mean you were helped by the organisation? -- What I mean is that they were explaining to women how they can go about assisting each other with their different problems in the township.

MR BIZOS : Who approached you about that? -- Dorcas Raditsela.

Can you remember more or less when in 1984 Mrs Dorcas(20) Raditsela approached you? -- It was between June and July. I am not certain of the month.

Did you know Mrs Raditsela before this? -- Yes, because of the kind of work she was doing I knew her.

What work as she doing? -- She was a social worker.

Do you know where her office was and by whom she was employed? -- Her offices were in Houtkop.

COURT : Who employed her? -- I do not know who her employer was. I never enquired about that.

MR BIZOS : At Houtkop, was this at a commercial building (30)

or/...

or in the administration block, so to speak? -- She had an office in the immediate vicinity of the administration block.

Had you had dealings with her before she spoke to you about the Vaal Organisation of Women? -- No, not before that. I had nothing to do with her.

Were you asked to join the Vaal Organisation of Women? -- I was not asked by her to join the organisation. At my own on realising the assistance one gets, I decided to join.

Did you join any particular committee of this organisation? -- That is so. (10)

Which committee? -- The grocery buying committee.

What did that committee do? -- The functions of this committee were to go about talking to women and requesting them to contribute a certain amount with a view of carrying out a bulk buying scheme. For instance requesting women to contribute R20,00 per woman and then go to Metro Cash and Carry and buy some grocery in bulk which grocery will then be divided to the people who contributed for the bulk buying.

Just for the record is Metro Cash and Carry a wholesaler? -- That is so. (20)

Did anyone have the right to buy at this place or could anybody go there? -- Only a person with a right to buy there could buy from them.

Did anyone among your number have that right? -- That is so.

Who? -- Dorcas Raditsela is the person who had a passport card to buy.

Did you see Mrs Raditsela regularly for this purpose? -- Yes, we used to meet mainly when it was about time to go and buy. (30)

COURT : Was that monthly or weekly? -- Monthly.

